**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 23 JULIE 2023**

# AGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Nuwe Kwartaal***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Genesis 29:15-28; Psalm 105:1-11, 45b;**
**Romeine 8:26-39; Matteus 13:31-33, 44-52**

| | |
|---|---|
| **SONDAG, 23 JULIE** | |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Paarl-skool<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw |
| 09:00 | Kleuter- en Kinderkerk |
| 10:00 | Senior kategese |
| 10:00 | Gemeentetee |
| **MAANDAG, 24 JULIE** | |
| 18:00 | Kooroefening |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 25 JULIE** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 26 JULIE** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 27 JULIE** | |
| 09:30 | Kuilsrivier Dienssentrum: Vat Vyf (musiekprogram) |
| Sopbeurte: | Rosa Brand, Marita Pienaar, Hannelie Viljoen, Sarie Terblanche, Wilma Steer, René Arendse, Tina Theron |
| **VRYDAG, 28 JULIE** | |
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |

| SATERDAG, 29 JULIE | |
|---|---|
| | |

| SONDAG, 30 JULIE | |
|---|---|
| | Negende Sondag in Koninkrykstyd<br>POSDAG<br>DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens<br>NAGMAAL<br>Deuroffer ten bate van: BADISA<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger |
| 09:00 | Kleuter- en Kinderkerk |
| 10:00 | Senior kategese |

# GEMEENTENUUS

1. Lala Nel (Klaradyn) het ‘n baba kleinseuntjie ryker geword. Die ouers is Gerrit en Marizaan Nel.
2. Coen de Milander (Othello) se broer is die afgelope week oorlede.
3. Ralie Marais (Othello) het ‘n operasie ondergaan.



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. **Bybels:** Ons het Afrikaanse, Engelse en Xhosa Bybels vir verspeiding na huishulpe, tuinhulpe, petroljoggies, karwagte, ens. Kontak gerus die kerkkantoor.
2. **Kleuterkerk:** Die kinders en leidsters bedank almal vir al die donasies wat hulle ontvang het. Dit maak ‘n groot verskil.
3. Ds Chris woon komende Dinsdag en Woensdag ‘n moderamenvergadering in Wellington by. Ds Chris sal op sy selfoon beskikbaar wees.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK




23/07 Henty Wickens, Wilma Matthee, Dirk Brink, Estelle van der Westhuizen, Janneke Botha, Melinda Kitshoff
25/07 Cassie Carstens, Jacques Wilders, Stanley Hill, Eddie Theron, Loamie Olivier, Jaco Kitshoff
26/07 Gert Botha, Ruben van der Merwe
27/07 Carlo Hill, Betsie Heyns(84), Morné de Wet, Elsa Welman, Nadia Hanekom, Amanda Kaltwasser, Natasha-Lee Marais
28/07 Bokkie Geyer(80)
29/07 Nico Nel, Susan Blanché, Sarel Esterhuysen, Michelle Smuts, Gerhard van Zyl, André Geyer, Natasha Geyer

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**PAARL-SKOOL**

Die Paarl Skool vir neuraal gestremde kinders is in Brackenfell geleë. Kinders met serebraal-, fisiese en leerafwykings, outistiese kinders en kinders wat in motorongelukke beseer is, kom na Paarl-skool. Met die hulp van spraak-, arbeids- en fisioterapeute en sielkundiges, 'n verpleegsuster en spesiaal opgeleide onderwysers word elke kind geëvalueer en kry individuele aandag volgens hul onderskeie behoeftes. Spesiaal aangepasde busse vervoer daagliks leerders na en van die skool vanaf so ver as Wellington, Paarl, Stellenbosch en Gordonsbaai. Gesamentlik reis hulle ongeveer 1500 km per dag. 'n Aantal leerders bly in die skool se koshuis.

Alhoewel die skool die normale kurrikulum van die Onderwysdepartement volg, word gespesialiseerde toerusting soos rystoele, opvoedkundige programme en spesiale rekenaars gebruik. Gemeentes se ondersteuning word opreg waardeer.

# HUIS DE KUILEN

Huis de Kuilen hou *DRIVE THROUGH*, 28 Julie 2023

Boerewors Kombo vir slegs R50
(1 Boereworsrol, 1 Koeldrank en 1x20g sjokolade)

Plaas bestellings by 021 903 7055 voor 27 Julie 2023 om 16:30

Bestellings kan afgehaal word op 28 Julie 2023 van 14:00 tot 17:00

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

**Die Kosmandjie** is baie dankbaar vir jou ondersteuning deur iets in die mandjies by die deure te sit of 'n kontantoordrag te maak!
Ons kon heelwat aankope doen om die projek op dreef te hou en sien nou uit na jou hulp met die volgende items:

| | |
|---|---|
| soja maalvleis | blikkies: vrugte / gemengde groente |
| spaghetti | melk / poeiermelk |
| *Bully Beef* | suiker |
| tuna | |
| rys | waspoeier vir handwas |



Die lysie sal na behoefte aangepas word.
Groetnis - met groot waardering vir jou hulp!

# KLERE EN VERE

Danksy wonderlike ondersteuning deur De Eike-lidmate, kon die **Klere en Vere-projek** die afgelope paar weke ruim bydraes van netjies versorgde wintersklere, skoene en linne maak, om hulp te gee waar dit nodig is.

VGK Koelenhof, Helpende Hand en die landswye Winterhoop-projek / MES het hierby gebaat en gevra dat ons ***vir jou baie dankie sê!***

Jou voorheen geliefde klere, skoene, linne en wat ookal, is altyd welkom en bruikbaar. Sit dit sommer in die mandjies by die deure.

Groetnis
2 Vere

DE EIKE
Klere en Vere
GETUIENISAKSIE

# KUILSRIVIER-SUID



# PREEKSKETS



**TEMA – GOD IS HIER...**

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Genesis 28:10-22

Die Bybel is vol eienaardige karakters.
- En is dit nie wonderlik nie! Ons pas so mooi daar in...
- Maar die een jafel vir wie ek nie ooghare het nie, is Jakob.
- Hy staan nie verniet as "Die Bedrieër" bekend nie.
- Hy ontsien nie eens sy blinde pa en sy tweelingbroer nie!

1. **En nou tref ons hom aan op pad na Paddan-Aram toe**.
   - Die waarheid is: Jakob het te ver gegaan. Sy lewe is in gevaar.
   - Dis 'n reis van 800 km. En toe dit nag word, is Jakob letterlik nêrens, op "'n plek".
   - Dis die donker prentjie van iemand wie se verlede hom ingehaal het.
   - En daar lê en slaap hy, met sy kop op 'n klip...

2. **En net daar gebeur die wonderwerk!**
   - God kom konfronteer vir Jakob, net soos op die terugreis by die Jabbok.
   - Wat is die boodskap van Jakob se droom?
     - God is besig met jou, Jakob. Hy het jou nie afgeskryf nie.
     - God gee jou die kans om weer te begin.
   - Jakob skrik met 'n skok wakker: Hy besef, jy kan nie vir God vlug nie...
   - Die bemoeienis van God met Jakob dwing hom op sy knieë.
   - Natuurlik nie eenmalig nie – Daar lê vir Jakob 'n nuwe pad voor saam met God!

3. **Maar wat sê dit nou, in 2023?**
   - Sou ek en jy nie dalk ook kon wens vir so 'n leer, vol engele nie?
   - Jy hoef dit nie te soek nie, want God het reeds na jou toe gekom.
   - Dit beteken dat elke plek nou "Huis van God" is.